education
Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# GRAAD 7

# AFRIKAANS HUISTAAL

## TAAK 3

## MAART 2025

## TYD: 2 URE

## PUNTE: 60

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye

| | |
|---|---|
| Naam en van | |
| Graad | |

AFRIKAANS HT TOETS MAART 2025 Graad 7

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:
   - VRAAG 1: Leesbegrip (20 punte)
   - VRAAG 2: Visuele teks (10 punte)
   - VRAAG 3: Opsomming (10 punte)
   - VRAAG 4: Taalstrukture en -konvensies (20 punte)

2. Lees alle instruksies noukeurig.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksie.

5. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1: REAKSIE OP TEKS (20 punte)**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



**Die sak goud**

'n Hawelose man het een oggend baie honger wakker geword. Hy het die vorige aand vir kos gesmeek, maar niemand wou hom help nie. Met ‘n grommende maag stap hy deur die dorpsmarkie en smeek vir oorskiet kos.

"Asseblief, ek het twee dae laas geëet," pleit hy.

Die mense ïgnoreer hom, sommige gooi vrot vrugte na hom terwyl hulle hom lelike woorde, soos "straatrot," toesnou, Ná baie beledigings deursoek hy ‘n vullishoop vir kos. Daar vind hy 'n klein leersakkie wat met toutjie vasgebind is. Toe hy dit oopmaak, kry hy die skok van sy lewe hy - dit was vol goue muntstukke!

“Een, twee, drie … honderd goue muntstukke! Ek sal nooit weer honger ly nie,” sê hy gelukkig.

Die man gaan toe terug na die markie om kos te koop. Toe hy daar kom, hoor hy 'n handelaar roep: “Ek het my sak met goue muntstukke verloor! Ek bied ‘n beloning aan vir die persoon wat dit vind!”

Die hawelose man kry hom jammer en gee die sakkie muntstukke terug.

Die handelaar gryp dit haastig uit sy hand en begin die munte tel. “Daar was 200 munte in! Jy het die helfte gesteel!” beskuldig hy die man.

"Ek het niks gevat nie," protesteer die hawelose man. "Mag ek nou my beloning kry?"

“Beloning?” lag die handelaar smalend. “Jy het klaar jou beloning gesteel! Gaan weg voor ek die wagte roep!”

Die hawelose man weier. Hy voel hy word onregverdig behandel. “Roep die koning se wagte,” sê hy. “Ek sal my eerlikheid bewys.”

Die handelaar vertel toe vir die koning dat die hawelose man sy geld gesteel het. Die hawelose man buig voor die koning en vertel hom dat daar net 100 munte in die sakkie was. Die koning streel oor sy baard en sê vir die handelaar: “Jy het ‘n sakkie met 200 munte verloor, maar hierdie sakkie het net 100 muntstukke in. Daarom is dit nie joune nie. Gee dit vir die hawelose man.”

Die handelaar het geen keuse nie. Die eerlike man kan die goud hou en hoef nooit weer honger te ly nie. Sy vriendelikheid en opregtheid het sy lewe vir altyd verander.

Vertaal en aangepas uit: https://nalibali.org/story-resources/multilingual-stories/stories-life-lessons

**Vrae**

1.1 Waar het die hawelose man die sakkie met goue muntstukke gekry? (1)

A In die handelaar se winkel
B In die koning se paleis
C By die dorpsmark
D Op die vullishoop

1.2 Hoe het die handelaar gereageer toe die hawelose man die sakkie teruggebring het? (1)

A Hy het hom bedank en hom 'n beloning gegee.
B Hy het hom daarvan beskuldig dat hy die helfte van die munte gesteel het.
C Hy het hom geïgnoreer en weggestap.
D Hy het die wagte dadelik ontbied.

1.3 Hoekom het die hawelose man die sakkie aan die handelaar teruggegee? (1)

A Hy was bang dat die wagte hom sou vang.
B Hy het die handelaar jammer gekry.
C Die wagte het hom gedwing.
D Hy wou 'n beloning hê.

1.4 Wat was die koning se besluit oor die sak goud? (1)

A Die handelaar en die hawelose man moes die munte deel.
B Die hawelose man moet die munte wat hy gesteel het teruggee.
C Die hawelose man kon die sakkie hou.
D Die handelaar kon die sakkie hou.

1.5 Watter les leer ons uit hierdie storie? (1)

A Bedelaars moet nie hulp verwag nie.
B Ryk mense is altyd reg.
C Eerlikheid word beloon.
D Gierigheid wen altyd.

1.6 Wat is die betekenis van die onderstreepte woord? (1)

"Beloning?" lag die handelaar **smalend**.

A Vriendelik lag.
B Spottend lag.
C Saggies lag. D Hard lag.

1.7 Skryf 'n woord uit die teks neer wat wys dat die handelaar die hawelose man sleg behandel het. (1)

______________________________

1.8 Beskryf waaroor die storie gaan en waar dit afspeel. (2)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

1.9 Identifiseer die konflik in die storie en verduidelik hoe dit opgelos word. (2)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

1.10 Is die volgende stelling **Waar** of **Onwaar**. Merk (√) in die korrekte blokkie en gee 'n rede vir jou antwoord.

1.10.1 Die handelaar het die hawelose man 'n goeie beloning gegee omdat hy die sakkie teruggegee het. (2)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Waar | | Onwaar | |

______________________________________________________________

1.10.2 Die dorpenaars het hulle oor die hawelose man ontferm. (2)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Waar | | Onwaar | |

______________________________________________________________

1.11 Rangskik hierdie 4 sinne in die korrekte volgorde soos dit in die storie gebeur het. (2)
Nommer die sinne van 1 – 4 korrek in die antwoordkolom.

| | **Sinne** | **Antwoord** |
|---|---|---|
| a) | Die koning het sy finale besluit geneem. | ______ |
| b) | Die hawelose man het die sakkie goud gevind. | ______ |
| c) | Die handelaar het die hawelose man daarvan beskuldig dat hy die geld gesteel het. | ______ |
| d) | Die hawelose man het vir oorskiet kos by die mark gesmeek. | ______ |

1.12 Hoekom, dink jy, het die handelaar gelieg en gesê dat die sakkie 200 munte in plaas (1) van 100 in gehad het?

______________________________________________________________

1.13 Dink jy die hawelose man se lewe sou beter of slegter uitgedraai het as hy die sakkie (2) munte gehou het? Verduidelik jou antwoord.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ [20]



**VRAAG 2: VISUELE TEKS (10 punte)**

Lees die visuele teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**Vrae**

2.1 Wat doen die onderwyser in raampie 1? (1)

A Praat met die klas.

B Skryf op die bord.

C Sit by 'n lessenaar.

D Lees 'n boek.

2.2 Hoe reageer die student op die onderwyser se stelling in raampie 2? (1)

A Verward B. Ongelukkig C Opgewonde D Kwaad

2.3 Hoekom sê die onderwyser lees is belangrik? (raampie 5) (1)

A Dit help in die alledaagse lewe.

B Dit maak boeke pret.

C Dit help jou om te slaap. D Dit help onderwysers.

2.4 Wat is die grap in raampie 8? (1)

A Jy sal vir altyd moet lees.

B Die student is mal oor boeke.

C Lees is slegs vir skool. D Die onderwyser is ernstig.

2.5 Waarom twyfel die student oor die belangrikheid van lees? (1)

A Hy weet reeds hoe om te lees.

B Hy hou eerder van skryf.

C Hy vind dit vervelig. D Hy is lief vir lees.

2.6 Dink jy dit is belangrik om elke dag lees te oefen? Maak 'n regmerkie (✓) in die blokkie en gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | | Nee | |

____________________________________________________________

2.7 Is die stelling hieronder **waar** of **onwaar**? Maak 'n regmerkie (√) in die blokkie en gee (2) 'n rede vir jou antwoord.

Die leerders dra skooldrag.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Waar | | Onwaar | |

____________________________________________________________

2.8 In watter ruimte speel die verhaal af? (1)

____________________________________________________________ **[10]**

**VRAAG 3: OPSOMMING (10 Punte)**

Lees die teks hieronder en identifiseer 7 redes waarom waardes belangrik is.

- Skryf die voordele in 7 volledige sinne, gebruik jou eie woorde.
- Jou opsomming moet ongeveer 60 - 70 woorde wees.
- Skryf jou woordetelling aan die einde van jou opsomming.

**Die belangrikheid van goeie waardes**

Waardes bepaal hoe mense optree en hoe hulle besluite neem. Ons leer waardes in ons huisgesin, ons kultuur, ervarings en van ander mense. Ons waardes kan verander soos groter word en ons meer kennis kry en ervaring opdoen. Goeie waardes help ons om te fokus en te weet wat belangrik is in die lewe.

Daar is verskillende tipes goeie waardes. Persoonlike waardes, soos eerlikheid, vriendelikheid, en kreatiwiteit, beïnvloed hoe ons leef. Verhoudings-waardes, soos vertroue en respek, help ons om ander goed te behandel. Samelewings-waardes, soos regverdigheid en verantwoordelikheid, wys ons hoe ons, ons gemeenskap kan help. Organisatoriese waardes, soos spanwerk en harde werk, help maatskappye om suksesvol te wees.

Wanneer ons waardes verstaan, maak dit besluitneming makliker. Wanneer ons 'n uitdaging in die gesig staar, help goeie waardes ons om die regte pad te kies. Goeie waardes verbeter ook jou vermoë om probleme op te los. Wanneer daar ‘n probleem is, help dit jou om aan te voel wat die regte ding is om te doen.

Goeie waardes help jou om selfvertroue op te bou. Wanneer ons weet waarin ons glo, kan ons beter keuses maak. Hierdie vertroue help ons ook om 'n loopbaan te kies wat by ons pas. Dit is makliker om van werk of rolle te verander wanneer ons, ons waardes verstaan.

Goeie waardes maak verhoudings beter deur vertroue en vriendelikheid aan te moedig. Dit gee meer betekenis aan ons lewens. Goeie waardes help ons om die persoon te word wat ons graag wil wees.

Vertaal en aangepas uit: https://www.indeed.com/career-advice/interviewing/importance-of-values

| Opsomming |
|---|
| |
| |
| |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Rubriek vir die nasien van ‘n opsomming** | | | ____ /10 |
| **Kriteria** | **7 punte** | **4, 5, 6 punte** | **0, 1, 2, 3 punte** |
| **Inligting** | Belangrike inligting is ingesluit.(7 hoofpunte) | Sommige inligting ontbreek. (4 – 6 hoofpunte) | Slegs 0 – 3 hoofpunte |
| **Bewoording, spelling, taalstuktuur en konvensie** | **3 punte** | **2 punte** | **1 punt** |
| | Gebruik eie woorde om opsomming te skryf. 1 – 3 spel-, taalstruktuur- en konvensiefoute kom voor. | Gebruik soms direkte aanhalings in opsomming.<br>4 – 5 spel, taalstruktuur- en konvensiefoute kom voor. | Gebruik meestal direkte aanhalings in opsomming. 6 of meer spel-, taalstruktuur- en konvensiefoute kom voor. |

VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES



Verwys na die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Vriendelikheid**

1 Om vriendelik te wees kan jou, sowel as ander help, veral wanneer jy dinge doen wat jou ook gelukkig maak! As jy tyd saam met 'n vriend of familielid wil spandeer, probeer om 'n aktiwiteit te kies wat julle albei geniet. Julle kan saam aan 'n sport deelneem, 'n fliek kyk of 'n prettige aand by die huis hê.

2 Jy kan ook jou talente aanwend om iemand te help met dinge soos: die gebruik van tegnologie, kosmaak, toestelle te herstel of kunsvlyt te maak. Dit maak nie net ander gelukkig nie, maar laat jou ook goed en gewaardeer voel.

3 Vriendelikheid moet altyd daaroor gaan om ander te help, nie net om onsself goed te laat voel nie. Voordat jy help, dink aan wat die ander persoon regtig nodig het. As jy byvoorbeeld kos aan 'n voedselbank wil gee, kyk watter items hulle die nodigste het, in plaas daarvan om net enigiets saam te bring.

4 Ware vriendelikheid beteken dat jy sekermaak jou optrede strek tot die voordeel van ander.

Vertaal en aangepas uit: https://www.mentalhealth.org.uk

**Vrae**

4.1 Skryf een voorbeeld van elke **woordsoort** uit die sin hieronder.

Vriendelikheid maak dat jy gelukkig voel .

4.1.1 Persoonlike voornaamwoord: ______________ (1)

4.1.2 Abstrakte selfstandige naamwoord: ________________________ (1)

4.1.3 Hoofwerkwoord: ______________ (1)

4.1.4 Bywoord van wyse: ___________________ (1)

4.2 Skryf die infinitiewe vorm van die werkwoord in die eerste sin van paragraaf 2. (1)

________________________________________

4.3 Watter woord in paragraaf 2 rym met die woord "rente"? (1)

________________________

4.4 Skryf die enkelvoud van die volgende woorde.

4.4.1 talente __________________________ (1)

4.4.2 aktiwiteite __________________________ (1)

4.5 Verdeel die woord in lettergrepe (1)

vriendelikheid ________________________________

4.6 Skryf die basisvorm/stam van die woord neer **genotvol**. ________________ (1)

4.7 Skryf ‘n antoniem vir die onderstreepte woord. (1)

Wanneer jy ander help, voel jy <u>**gelukkig**</u>.

______________________________

4.8 Skryf 'n sinoniem vir die onderstreepte woord neer. (1)

Jy en jou vriende kan saam na ‘n <u>**fliek**</u> kyk.

___________________

4.9 Skryf die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies. (1)

‘n (Goed) manier om gelukkig te voel, is om tyd saam met ‘n vriend te spandeer.

___________________

4.10 Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd. (1)

Ons vriendskap is vir ons kosbaar.

______________________________________________________________

4.11 Skryf die volgende sin oor in die toekomende tyd. (1)

Ons help mekaar en deel geheime.

______________________________________________________________

4.12 Skryf die trappe van vergelyking van die onderstreepte woord neer. (1)

Julle kan ‘n **prettige** fliek kyk.

______________________________________________________________

4.13 Skryf die sin oor met die korrekte leestekens. (1)

vriendelikheid is belangrik want ander het jou hulp nodig

______________________________________________________________

______________________________________________________________

4.14 Identifiseer die onderwerp en gesegde in die sin hieronder.

Vriende sal mekaar altyd help.

4.14.1 Onderwerp: ______________________________ (1)

4.14.2 Gesegde: ________________________________ (1)

4.15 Onderstreep die korrekte woord tussen hakies.

Ek wil my vriende help omdat ek vir (hulle/sy) gevoelens omgee. (1)

**[20]**

**TOTAAL [60]**